MUNISIPALE NUUSBRIEF

THE RESIDENT / DIE INWONER

MUNICIPAL NEWSLETTER

Junie 2011 Nr06

GEMEENSKAPSALE KRY NUWE NAME

Die onthulling van die naamborde by verskillende gemeenskapsale het op Vrydag, 13 Mei 2011 plaasgevind. Die onthullings was deur die Burgemeester, Speaker en raadslede van Munisipaliteit //Khara Hais waargeneem.

Rdl Gift van Staden Burgemeester

Die Raad het op 25 Aug. 2009 die Beleid op Naamsverandering in die //Khara Hais Munisipale Regsgebied aanvaar, wat riglyne aandui waarbinne die naamsveranderingsproses hanteer moet word.

'n Publieke deelname proses het deur middel van die media en wyksvergaderings begin. Die voorgestelde name is na publieke vergaderings in wyke, deur die Raad goedgekeur.

Die families van die genomineerde persone was genader en het hulle toestemming verleen dat die name van hul naasbestaandes gebruik mag word. Die Raad wil graag weereens die families bedank vir die toestemming wat hulle gegee het om hierdie waardeerde gemeenskapsleiers te vereer.

Die proses van naamsveranderinge word deur sommige persone as geldvermorsing gesien maar vir Munisipaliteit //Khara Hais is dit 'n proses om te verseker dat ons een gemeenskap bou deur die erkenning van die verskillende tale, kulture, geskiedenis van die mense en of erfenis. **Die proses** sal ook help om een gemeenskaplike en verenigde identiteit vir die inwoners van //Khara Hais te skep. Die onthulling van naamborde by ons verskillende gemeenskapsale is 'n bewys dat die gemeenskap met entoesiasme deelgeneem het aan die proses van naamsveranderinge en as sulks is dit 'n goeie teken dat ons vorentoe beweeg.

Die Raad is verbind tot dienslewering in alle vorme. Hierdie historiese gebeurtenis is deel van dienste wat die munisipaliteit aan die mense lewer deur te verseker dat ons die geskiedenis van ons mense vir ons kinders bewaar, deur die sale na persone te vernoem wat 'n baie belangrike rol in die gemeenskappe gespeel het.

Rosedale Gemeenskapsaal sal bekend staan as **Piet Thole Gemeenskapsaal**. Mnr Piet Thole is een van die oudste, ywerige, lojale en pligsgetroue persone wat altyd getrou vergaderings en aktiwiteite bygewoon het. Hy het altyd probeer om 'n verskil te maak in mense se lewens.

Hier is die Burgemeester en Thole familie voor die Piet Thole Gemeenskapsaal.

Progress Gemeenskapsaal sal bekend staan as **Tol Speelman Gemeenskapsaal**. Mnr Tol Speelman was vanaf die fondasielegging tot die bou van die saal betrokke. Hy was ook tot sy aftrede die opsigter van Progress Gemeenskapsaal. Dit is vandag vir ons 'n voorreg om hom te vereer met die naamsverandering van Progress Gemeenskapsaal na Tol Speelman Gemeenskapsaal.

Die Speelman familie en raadslede voor die Tol Speelman Gemeenskapsaal

Paballelo Gemeenskapsaal sal van vandag af bekend staan as **Michael Bongela Gemeenskapsaal.** Mnr Michael Bongela was baie betrokke by gemeenskapsaktiwiteite. Hy het altyd probeer om 'n verskil te maak in mense se lewens.

Raadslede en die Bongela familie voor die Michael Bongela Gemeenskapsaal.

"Ek vertrou dat ons van vandag af met meer ywer hierdie gemeenskapsale sal beskerm teen vandalisme.

Baie geluk aan die families met hierdie benoemings," het die Burgemeester, Rdl Gift van Staden gesê.

VOORAFBETAAL ELEKTRISITEITSVERKOOPPUNTE

VERKOOPPUNTE	TYE	TELEFOONNOMMERS
Village Shop	07:30 - 21:00	054 332 4383
Ntoisingel 63, Paballelo	08:00 - 22:00	076 945 0688
Hi-Way General Dealer (Hinana)	08:00 - 20:00	054 332 6429
Progress Café, Kosmosstraat	08:00 - 21:00	073 509 2862
Daniël Jansenstr 54, Morning Glory	08:00 - 21:00	084 645 9993
Rosedale Spar	08:00 - 21:00	054 339 0056
Babelbekkies, Rosedale	07:00 - 21:00	074 587 4961
Gazaniastraat, Louisvaleweg (Oliphant)	07:00 - 22:00	
Freeman, Louisvaledorp	08:00 - 22:00	083 596 0675
Upt Convenience Centre (Bimbo's)	24 UUR	054 332 5444
Stap – In Supermark	07:00 - 22:30	054 339 3636
Spar Upington	07:00 - 22:00	054 331 2491

Inligting van tye is deur Verkoopspunte verskaf.

VOORAFBETAAL WATERVERKOOPPUNTE IN //KHARA HAIS MUNISIPALE REGSGEBIED

VERKOPERS	ADRES	TELEFOONNOMMERS
Mev R Freeman	Louwstraat 1, Louisvaledorp	054 335 1297
Mnr Ruben Bosman	Hoopstraat 8, Lambrecthsdrift	079 957 5819
Me Sandra Maasdorp	Loopstraat 4, Karos	083 319 6952
Mnr Nicolaas Pieterse	Winkelstraat 22, Leerkrans	054 7510092
Me Nomsa Sokoyi	Jupiterstraat 35, Paballelo	078 992 5528
Me Esta Franse	Lensiestraat 35, Raaswater	073 653 9773
Mnr Joey van der Byl	Sonneblomheuwelstraat 62, Louisvaleweg	079 045 1890
Me Emma van Eden	Swartkopweg 80, Leseding	076 019 1789
Mnr Leon van Schalkwyk	Johnny Goeiemanstraat 40, Rosedale	082 085 7272
Mev Virginia Ratshofola	Mayabastraat 223, Paballelo	079 744 4426

PROGRAM VIR LEES VAN METERS MEI/JULIE 2011

DATUM	ROETES	DATUM	ROETES	DATUM	ROETES
26 MEI	1,2,4,18	1 JUN	38,46,42,21	8 JUN	43,32,33,13
27 MEI	23,5,22,25	3 JUN	44,24,8,30	9 JUN	47,16,14,39
28 MEI	29,20,27,35	4 JUN	9,11,7,10	10 JUN	28,19,41,15
31 MEI	37,3,36,6	7 JUN	31,45,12,80	11 JUN	17,40

PROGRAM VIR LEES VAN METERS JUNIE/JULIE 2011

DATUM	ROETES	DATUM	ROETES	DATUM	ROETES
27 JUN	1,2,4,18	1 JUL	38,46,42,21	8 JUL	43,32,33,13
28 JUN	23,5,22,25	4 JUL	44,24,8,30	11 JUL	47,16,14,39
29 JUN	29,20,27,35	5 JUL	7,9,11,10	12 JUL	28,19,41,15
30 JUN	37,3,36,6	7 JUL	31,45,12,80	13 JUL	17, 40,

'n Beroep word op alle huiseienaars gedoen om hul persele toeganklik te hou vir meterlesers soos bv. die vasmaak van honde.

PROGRAM VIR DIE UITDEEL VAN HULPBEHOEWENDE ELEKTRISITEIT JUNIE 2011



DATUM	WOONBUURT	PLEK
01 Junie	Pabellelo	Munisipale Kantore
02 Junie	Progress/Extension	Gemeenskapsaal Keimoesweg
03 Junie	Louisvaleweg	Betaalpunt (Mario)
06 Junie	Rosedale	Gemeenskapsaal: Rosedale
07 Junie	Kalksloot/Louisvaledorp	Betaalkantoor: Mev. R. Freeman
08 - 30 Junie	Dorp	Munisipale Kantoor

NB: BRING ASSEBLIEF U ID BOEKIE EN VOLMAGVORM SAAM AS U KRAG KOM AFHAAL!!!

SLEGS WEEKSDAE

VANAF 07:30 TOT 15:30

Uitgereik deur Kommunikasie & Kliëntediens, Munisipaliteit //Khara Hais Tel: 054 338 7000

Ontwerp&Gedruk: Vaughn's Computer Networks: 072 579 2414